

1 Desember

Die stempel van geloof op jou daaglikse arbeid

Skrifgedeelte: Levitikus 19:1-18, 23-25

Fokusgedeelte: Levitikus 19:24

Ons Vader in die hemel is 'n heilige God en daarom moet jy as sy kind ook heilig wees. Jou heilig-wees moet ook nie net op sekere terreine van die lewe gesien word nie. Waar jy jou ook al bevind en waarmee jy ook al besig is, moet jou kind-wees van die Here helder en duidelik gesien kan word.

In die eerste 18 verse word jy daarop gewys dat jou verhouding met God en jou naaste heilig moet wees. Jou geloof in die Here bepaal dat jy teenoor invloedryke mense en teenoor die armes en stukkendes in die samelewing met liefde en deernis sal optree.

In verse 23 tot 25 word ons daarop gewys dat ons alledaagse lewe van vrugtebome plant en vrugte oes nie los van die Here staan nie. Daarom het my daaglikse arbeid en ontspanning ook inderdaad met my heilig-wees voor God te make!

Die Here gee aan jou sekere gawes en geleenthede. Benut dit ten volle! Jy sien nie jou werk as net 'n geleentheid om geld te maak om gemaklik te kan lewe en die lewe te kan geniet nie. Jy doen jou werk in verantwoordelikheid teenoor die Here wat aan jou sekere gawes gegee het. Jy doen dit ook so goed as wat jy kan, want daardeur betoon jy ook jou dankbaarheid teenoor die Here vir die gawes. Jy sien ook jou werk as die geleentheid om bouwerk in sy koninkryk te verrig. As heilige kind van 'n heilige Vader sal jou beroepsetiek ook heilig wees!

Sing: Psalm 65:3 en 7(1936)

Ds. CS Grobler (Stellenbosch)